

Bevolking met intellektuele gestremdheid	Lig intellektuele gestremdheid	Matig intellektuele gestremdheid	Erg intellektuele gestremdheid	Uiters intellektuele gestremdheid
Kognitiewe Funksionering	85% van persone met intellektuele gestremdheid	10% van persone met intellektuele gestremdheid	3 – 4% van persone met intellektuele gestremdheid	1 – 2 % van persone met intellektuele gestremdheid
Aangepaste Funksionering	IK 50 – 69	IK tussen 35 – 49	IK 20 – 34	IK laer as 20
	<ul style="list-style-type: none"> • Stadige bereiking van ontwikkelingsmylpale en doelwitte. • Kommunikasie vaardighede redelik. • Kan basiese werksvaardighede aanleer. • Kan leer om te lees en kan rekenaar vaardighede aanleer op die vlak van 'n 9 – 11 jarige persoon. • Kan werk hanteer maar het ondersteuning en hulp nodig. 	<ul style="list-style-type: none"> • Vertraging in die bereiking van ontwikkelingsmylpale. • Kommunikasie eenvoudige sinne en voer eenvoudige gesprekke. • Groot probleme met leer en verstaanbaarheid asook met logiese redenering. • Sal leer om 'n paar woorde te herken en neer te skryf. • Volwassenes het verskillende soort ondersteuning nodig om te kan werk en om lewe voort te sit. 	<ul style="list-style-type: none"> • Opmerklike vertraging in alle ontwikkelings gebiede. • Spraak probleme en beperkte woordeskat. • Kan oor 'n tydperk basiese vaardighede aanleer maar benodig gemeenskaps ondersteuning. • Funksionele vermoë van 'n 3 – 5 jarige kind. 	<ul style="list-style-type: none"> • Kan nie na hulself omsien nie en het geen of minimale spraak. • Emosionele uitdrukkings kan misverstaan word. • Aanvalle, fisiese gestremdheid en kort lewensduur is algemeen. • Funksionele vermoë van jonger as 3 jarige.

Wanneer en hoe om hulp te verkry?



As u bekommerd is oor u kind se vordering moet u so gou as moontlik hulp soek. Nader 'n verpleegster of geneeskundige by u naaste kliniek om te reël dat u kind geasseseer word of verwys word na 'n ontwikkelings kliniek.

As u kind alreeds by 'n skool ingeskryf is, raadpleeg die onderwyser of prinsipaal om 'n leerplan vir u kind te ontwikkel wat ondersteuning kan bied rondom u kind se leerbehoefes en ontwikkeling.

Inligting aangepas van Adnams C and Johns R (eds). *Understanding Intellectual Disability* (WCFID, 2016)

Met spesiale dank aan Professor Sharon Kleintjes, Vera Grover Voorsitter van Intellektuele Gestremdheid, Universiteit van Kaapstad en Departement van Gesondheid en die Wes Kaapse Regering

Vir meer inligting, kontak die Weskaap Forum vir intellektuele gestremdheid:



021 510 4686



021 510 4687



info@wcfid.co.za



www.wcfid.co.za



www.facebook.com/wcfid

This pamphlet is also available in English and isiXhosa



Besoek die Nasionale Loterykommissie webwerf om meer uit te vind omtrent ander projekte wat deur die NLC ondersteun word.
www.nicsa.org.za



VERSTAAN INTELLEKTUELE GESTREMDHEID

Inleiding

Intellektuele gestremdheid was gekenmerk as "verstandelike gestremdheid" en "verstandelike vertraging". Internasionale en Suid Afrikaanse wetgewing herinner ons dat persone met gestremdhede reg tot waardigheid het en dat ondersteuning aan hulle gebied moet word sodat hulle volledige deelname in alle aspekte van hulle lewe kan hê, insluitend gesondheid, onderwys, werksgeleentheid en maatskaplike ondersteuning. Dit is uiters belangrik dat persone met intellektuele gestremdheid vanaf 'n vroeë ouderdom die nodige ondersteuning en hulp ontvang aangesien dit help met hul groei, ontwikkeling, deelname en integrasie in die samelewing. Met hierdie ondersteuning kan persone met intellektuele gestremdheid, hul volle potensiaal bereik.

Wat is intellektuele gestremdheid?

Intellektuele gestremdheid affekteer die groei en ontwikkeling van 'n kind voordat hy/sy die ouderdom van 18 jaar bereik. Dit affekteer die brein en dit kan fisiese vermoëns ook beïnvloed.

Kinders met intellektuele gestremdheid se vordering en verstandelike vermoëns is stadiger as die van 'n gewone kind van dieselfde ouderdomsgroep. Twee areas is van belang:

- **Intellektuele funksionering:** Die vermoë om te dink, leer, oplossings te vind, te redeneer en om die wêreld om hulle te verken op dieselfde vlak as die van ander in dieselfde ouderdomsgroep.
- **Aangepaste funksionering:** Die vermoë om gedrag en vaardighede aan te leer op dieselfde ontwikkelingsvlak van ander in hul ouderdomsgroep.

Belangrike aangepaste vaardighede sluit die volgende in:

Selfversorgings vaardighede (bv. Om jouself te voer, om badkamer te gebruik, self aan te trek) en die vermoë om huishoudelike takies te verrig.

Kommunikasie vaardighede (bv. Leer om te praat, verstaan wat gesê word en kan terug kommunikeer)

Sosiale vaardighede (bv. Positiewe interaksie met vriende en familie)

Praktiese, opvoedkundige en werksvaardighede, asook die nodige vaardighede om semi-onafhanklik te woon en met ondersteuning te funksioneer as 'n volwassene.

Wat veroorsaak intellektuele gestremdheid?

Daar is baie oorsake vir intellektuele gestremdheid. Die algemeenste oorsake is:

1. Oorsake voor geboorte



- Genetiese afwykings en ander gesondheidstoestande bv. Down sindroom, Fragile x sindroom, Prader Willi sindroom, Rett sindroom, Turner sindroom
- Probleme in groei en ontwikkeling van brein, probleme met die ontwikkeling van baba se groei in baarmoeder
- Blootstelling aan gifstowwe gedurende swangerskap (bv. Nikotien, alkohol en dwelms)
- Infeksies (bv. Duitse masels)
- Ma se gesondheid tydens swangerskap (bv. MIV/Vigs, wanvoeding)

2

Dit is uiters belangrik dat persone met intellektuele gestremdheid vanaf 'n vroeë ouderdom die nodige ondersteuning en hulp ontvang aangesien dit help met hul groei, ontwikkeling, deelname en integrasie in die samelewing.

2. Oorsake tydens geboorte



- Vroegtydige geboorte en onder ontwikkelde organe (bv. onvolgroeide hart/longe)
- Komplikasies by geboorte, beserings opgedoen tydens geboorte
- Gesondheids komplikasies na geboorte (bv. Geelsig)

3. Oorsake tydens kinderjare



- Kopbeserings (bv. Motorongeluk beserings)
- Kindersiektes (bv. Breinvliesontsteking)
- Stuiptrekkings (bv. Epilepsie)
- Wanvoeding (bv. Voedings probleme)

4. Bio-medies en omgewings oorsake



- Blootstelling aan gifstowwe en chemikalieë soos bv. alkohol, lood en kwik
- Armoede (ondergewig by geboorte, wanvoeding)
- Beserings wat deur geweld en trauma veroorsaak is
- Gebrek aan omgewings stimulasie en opvoedings geleenthede

3

Hoe word intellektuele gestremdheid gediagnoseer?



Persone met intellektuele gestremdheid se intellektuele en aangepaste funksionering wissel van persoon tot persoon.

Intellektuele funksionering word gewoonlik geasseseer met gestandaardiseerde toetse naamlik IK toetse met 'n standaard telling van 100 (ontwikkelde persone se telling is gewoonlik tussen 85 – 115 waar intellektuele gestremde persone gewoonlik 'n telling onder 70 behaal).

Aangepaste funksionerings assesserings evalueer 'n persoon se sosiale en praktiese vermoëns om alledaagse take te kan verrig.

Albei toetse is nodig om die tipe ondersteuning wat die kind, tiener of volwassene met intellektuele gestremdheid benodig te identifiseer. Persone met meer gevorderde intellektuele gestremdheid het intensiewe ondersteuning nodig as die met lae vlakke van gestremdheid.

Vier vlakke van intellektuele gestremdheid: lig intellektuele gestremdheid; matig intellektuele gestremdheid; erg intellektuele gestremdheid; uiters intellektuele gestremdheid.

Mense met intellektuele gestremdheid het dieselfde reg op toegang tot dienste as die res van die bevolking.



4